

SLINGERVEL




Maart 2019

Christelike maandblad vir die jeug



SLINGERVEL, JAARGANG 60
Nommer 1006, Maart 2019

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my ⇒ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107, ⇒ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za, ⇒ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660



Lees meer oor hierdie boek in "Wat kan ek lees?"

in hierdie uitgawe ...

- 3 Redakteursbrief
- 4 Verjaardaghoekie
- 8 Jakobus 1 – Blokkiesraaisel
- 9 Jakobus 1 – Woordsoek
- 10 Tydlyn van die Nuwe Testament – 3
- 12 Feeste in die Ou Testament – 3
- 13 Die geheime wapen
- 16 Oplossings: Blokkiesraaisel en Woordsoek
- 17 Wat kan ek lees?
- 20 Op hierdie dag in Maart

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter
Oom Abraham Krüger
Oom Alwyn Tredoux

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462

ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R319,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
R115, 00 per jaar
(elektroniese intekening)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 60,
Nommer 1006
Maart 2019

ISSN 0037 685 X

Maats

Kyk hoe vinnig gaan die tyd verby! Die eerste kwartaal is amper verby.


Tyd is 'n snaakse ding: As jy wag vir iets wonderliks om te gebeur, vat dit lank. Die sekondes is net halfspoed! Aan die ander kant, as jy iets lekkers doen, kyk net hoe vinnig gaan die tyd verby. Dubbelspoed! Tog tik jou horlosie teen presies dieselfde tempo.

In die Bybel lees ons ook van tyd. Aand en môre – by die skepping. Later word daar gepraat van oggend, middag, aand, nag, ure.

Aanvanklik is die dag opgedeel in 24 uur, soos wat die aarde om sy eie as draai – as 'n mens na die son kyk. Nou weet ons mos dat in die somer die dae langer en in die winter korter is. Daar is ook die sterre waarmee ons die draai van die aarde kan vergelyk. Die jongste is natuurlik die atoomhorlosie (illustrasie regs onder) waar tyd vasgestel word deur die frekwensie van atome.

As 'n mens kyk na die geskiedenis van horlosies, dan besef jy dat die mens al meer deur tyd vasgevang word. In ongeveer 1500 voor Christus was die sonhorlosie (illustrasie regs bo) in Egipte

TYD



Redakteursbrief

in gebruik. Dit het gewerk met die skaduwee van 'n regop paal, maar het net in die dag gewerk. Daarom was daar ook waterhorlosies, uurglase en ander instrumente sodat die mens kon weet hoe laat dit is.

Vandag kyk jy op jou slimfoon. Daar is die tyd. Jy kan dit stel tot op 'n duisendste van 'n sekonde ...

Wat maak dit saak? Ja, die skool begin op 'n sekere tyd, eredienste, afspraak. Dis belangrik dat ons ook betroubaar is wat tyd betref.

Moet net nooit twee belangrike afsprake van die Here vergeet nie: ons kan nie deur bekommernis of enigiets anders aan tyd verander nie; en die Here sluimer of slaap nooit. Daar is nie 'n duisendste, ja 'n miljoenste van 'n sekonde dat die Here nie na jou kyk en vir jou sorg nie!

Groete! ^{sv}



Tydlyn van die Nuwe Testament

• Jesus se eerste bedieningsjaar •

Maats

Jesus se eerste bedieningsjaar begin by sy doop. Nou kan jy vra: Hoekom? Hoekom die doop?

As ons Matteus 3 lees, sien ons dat Johannes die Doper by die Jordaanrivier gedoop het. Hy preek en sê: “Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom!”

Johannes was die profeet wat God gestuur het om die volk, die kerk, gereed te maak vir die koms van die ware Koning. Omdat hierdie Koning nie ’n gewone mens is nie, maar die Verlossergod, voeg hy by: “Bekeer julle!” Ons sien dan hoe hulle gewys het dat hulle hul bekeer: hulle bely hulle sonde. Daarna word hulle gedoop as reinigingsteken dat hulle hul regmaak vir die Koning.

Dan staan Jesus skielik voor Johannes. “Doo My!” Ons kan verstaan dat Johannes weier om Jesus te doop. Hy is God – Hy kan en hoef Hom nie te bekeer nie! Hy het nie sonde om te bely nie. Hy is die Koning wat God gestuur het!

Dan wys Jesus hom op ’n ander doop – die reinigingsteken waarvan Numeri 8 praat – dat

priesters, voor hulle met hulle werk as priesters begin, met water besprinkel moes word. Dan doen Johannes dit! Jesus kan sy werk as priester begin – met die allerverskriklikste offer wat Hy uiteindelik gebring het, toe Hy Homself aan die kruis vir ons sondes geoffer het.

40 dae lank word Hy deur die duivel versoek. Dit moes verskriklik gewees het om elke oomblik van die dag in die oë van die duivel vas te kyk en te hoor en te sien hoe hy probeer keer dat Jesus ons verlos! Jesus eet nie gedurende die 40 dae nie. Die laaste drie versoekings word vir ons opgeteken, wat samevattend is van die 40 dae se aanslag. Jesus maak die regte keuse – Hy luister nooit vir Satan nie.

Jesus se eerste woorde van sy preek is dieselfde as dié van Johannes: “Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom!” Nou moes die volk geweet het dat Jesus die ware Koning is.

Dadelik het Jesus se prediking en wonderwerke die aandag gekry. As Maria Hom vra om by die bruilof wyn te maak, wil Hy dit aanvanklik nie doen nie. Die tyd is nog nie heeltemal reg nie. Tog doen Hy dit. Dadelik moes die volk en die mense geweet het: hierdie is nie sommer enige man nie. Sy wonderwerke is dieselfde as die profete van die Ou Testament.

Daarom vra die volk vir die kerkleiers: “Is Hy die Messias? Is Hy die Verlosser?” Maats, hulle het nie mooi geweet wat en hoe om te antwoord nie. Hulle het gaan luister na Jesus, wat Hy preek en wat Hy doen. Baie gou het hulle begin agterkom dat Hy nie ’n gewone mens is wat dink Hy is die Christus nie – en veral het hulle agtergekom dat Hy en God ’n baie besondere band het.

“Messias” is die Hebreuse woord vir “Christus” wat ons in Afrikaans kan vertaal met “Gesalfde”. Hierdie salwing het plaasgevind toe Jesus gedoop is, waar almal getuie was dat die Heilige Gees op Hom is en die Vader sê dat Jesus sy Seun is.

In Johannes 2 lees ons dat Jesus dan ook die eerste keer nadat Hy sy bedieningswerk begin het, die Pasga in Jerusalem bygewoon het. Die Pasga wat geleer het dat God hulle uit Egipte, uit die plek van slawerny gelei het. Drie jaar later sou Jesus dan ook tydens die Pasga gekruisig word om ons uit die slawerny van die sonde te lei.

Nog 'n belangrike ding wat gebeur het in Jesus se eerste bedieningsjaar, is Nikodemus wat Hom in die nag besoek het. Nikodemus sê duidelik dat die kerkleiers weet dat Jesus 'n leermeester is wat van God af kom. Jesus se gesprek met hom wys dan duidelik dat sy prediking inhou dat geloof 'n leefwyse is. 'n Leefwyse waar die Heilige Gees die wedergeboorte in die mens werk.

Jesus sê ook dan aan Nikodemus een van die Bybeltekste wat die meeste aangehaal word: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." Onthou ons moet altyd 'n teks in konteks lees: Geloof kom van God (die Heilige Gees). Ook: As jy nie glo nie, gaan jy verlore. Geloof is duidelik in jou leefwyse.

Die Samaritane het gewoon net noord van Judea en suid van Galilea. Tydens die ballingskap sowat 700 jaar voor Jesus het ander volke in Samaria kom woon en het die Jode met hulle getrou. Toe die Jode uit ballingskap teruggekeer het en die tempel wou herbou, wou die Samaritane help. Hulle glo mos ook in God! Maar die Jode wou nie, omdat hulle nie rasegte Jode was nie. Hulle keer dan vir 'n tyd lank die herbou van die tempel. In die tyd van Jesus was hulle steeds vyande en het nie met mekaar eers gepraat nie.

Daarna gaan Jesus na Samaria. Die Samaritane het ook in God geglo, en daarom het Jesus vir hulle kom vertel dat Hy die Verlosser van die wêreld is. Dan gaan Jesus ook Galilea toe. Ook daar was die Jode deel van die kerk en het hulle geglo dat die Verlosser sal kom. Nasaret, waar Jesus grootgeword het, was in Galilea.

As ons die werk en die prediking van Jesus in hierdie eerste jaar moet opsom, kan ons dit so saamvat:

- Hy is gedoop om Hom as priester te self;
- Hy is versoek sodat ons kan weet dat Hy ware God is, omdat Hy nie vir die duiwel geluister het nie;
- Sy prediking het gefokus op die mens wat sonde doen en om verlos te word, in Hom moet glo;
- Wie waarlik glo, leef soos 'n kind van God en wil nie verkeerde dinge doen nie;
- Hy het nie witbroodjies nie, maar kom na alle mense met sy genade.

Ons kyk volgende keer na Jesus se tweede bedieningsjaar. ^{sv}

teken in op Slingervel!

Individuele intekening
R319.00 – 10 uitgawes
(posgeld + BTW ingesluit)

Elektroniese intekening
R115.00 – 10 uitgawes



Om in te teken:
Kontak Angie Mokobi
by
tydskrifte@gksa.co.za
of tel. 018 297 3986

Die geheime wapen

Gerdie vee haar hande aan haar maag af en beseft onmiddellik sy moes dit nie gedoen het nie. Modderstrepe versier nou die voorkant van die blou blommetiesrok wat Mamma baie vroeg vanoggend vir haar aangetrek het. Mamma wou nie eintlik nie. Sy het gesê die rokkie is mooi en nuut en gaan vuil word, maar Gerdie wou nie kopgee nie.

O waspoeier! Sy sal hierdie rok in 'n balie vol seep en water moet kry voor dit vlek. Rivierklei vlek jou klere maklik. Gerdie het baie gevlekte klere van diertjies en figuurtjies by die rivier bou. Blykbaar vlek seesand nie jou klere nie. Gerdie wil nog graag 'n regte sandkasteel op die strand bou. Zimboektoe is wel 'n eiland, maar dis so groot dat sy nog nooit die see gesien het nie.

Gelukkig sal Ouma help met die kleirok. Sy is nie so kwaai soos Mamma nie, en sy het seker darem teen die tyd al opgestaan.

Gerdie sal self 'n draai onder die stort moet maak. Mamma glo nie aan vuil dogtertjies nie. Sy en Pappa is vanoggend voor sonop weg, maar sy kom vandag weer terug.

Dan hoor Gerdie die gedreun van perde. O houtlepel! Is Pa en Ma al op pad terug? Vandag is sy in die moeilikheid.

Nee, wag 'n bietjie. Hulle is met die perdekar hier weg. Sy sou die wiede se gor-gor-gor op die gruis saam met die ploppetieklop van perde hoor. Dit moet perderuiters wees. Dis in elk geval nog te vroeg. Pa en Ma se belangrike vergadering is ver van hier af. Hulle sal eers vanaand na donker terug wees.

Mense kom nie gereeld so vroeg in die oggend by hulle kuier nie. Veral nie te perd nie. Miskien moet sy eers koekeloer wie hier aangery kom.

Gerdie draf van die rivier af, deur die bosse, en gaan lê langs die groot gruispad na hulle huis toe. As sy die klanke reg beluister het, gaan die ruiters voor haar verbygalop. Hier kom hulle.



O vyandskind! Dis sowaar drie bergbewoners wat hier ry asof die wêreld aan hulle behoort. Hulle gespierde bergponies, wat so vas van voet in die bergwêreld kan rondbeweeg, lyk in die vlaktes maar lomp. Vlakteperde is slanker en vinniger. Maar sterk is die bergponies gewis. Hulle dra hulle ruiters met gemak. Die bergbewoners is tot die tand toe gewapen. Helms oor die koppe met oogsplete om deur te sien. Swaar harnaste aan hulle lywe. Pyl-en-boë oor die skouers. Groot swaarde aan hulle sye.

Die ergste van alles is die honde. Die bergbewoners hanteer die ponies met net een hand aan die teuels. Die ander hand hou 'n leiband vas. Aan elke leiband hardloop 'n berghond, amper net so groot soos die perde. Hulle tonge hang uit, kwyl

spat die wêreld vol en hulle hyg vir 'n vale, maar hulle hou by. Wat maak die bese bergbewoners in die vlaktes?

Zimboektoe is mooitjies in twee helftes gedeel. Helfte vlaktes en halfte bergland. Solank as enigiemand kan onthou, maak die berge en die vlaktes oorlog met mekaar, maar die oorlog het nog nooit so naby aan Gerdie se huis gekom nie. Sy sal die bergbewoners moet dophou.

Die drie manne gaan staan voor hulle voordeur. Die leier hamer met sy vuus en skree iets. Gerdie is nog te ver om te hoor wat hy sê. Ouma moet net maak asof daar niemand tuis nie. O inbreker!

Daar skop een van die drie met 'n swaar stewelvoet hulle voordeur in derduisende stukke. Hulle is nie gepla as daar niemand by die huis is nie. Hulle wil nie kom kuier nie, hulle wil roof. O boeweskurk.

Daar kom die drie buitentoe en hulle sleep vir Ouma saam. Hulle praat ernstig met haar maar sy skud haar kop en beduie woës. Dit lyk of hulle haar gaan seermaak.

Skielik gaan daar 'n liggie in Gerdie se gedagtes aan. Sy weet wat die drie booswigte soek. Pappa het gepraat van 'n GEHEIME WAPEN wat hy uitgevind het wat die vlaktebewoners sal help om die oorlog te wen. Hy was

bang dat spioene daarvan kan uitvind en dit probeer steel. Dis hoekom hy en Mamma vergadering gaan hou het. Hier word sy ergste vrese nou bewaarheid. Die skurke wil by Ouma hoor waar die GEHEIME WAPEN is. Weet Ouma iets?

Gerdie het gesien hoe Pappa die GEHEIME WAPEN in 'n leersak in die hol boomstam in hulle tuin wegsteek. Sy het 'n plan om vir Ouma te help.

Sy kruip handeviervoet tot by die hol boomstam en grou in die opening tot sy die sak raakvat. Sy hou die sak hoog in die lug en fluit oorverdowend hard soos Pappa haar geleer het. Die eerste deel van haar plan werk dadelik. Die bergbewoners sien die sak, hou dadelik op om Ouma te ruk en pluk en hardloop na haar toe.

Perskepit, haar pragvosperd, reageer ook dadelik as sy fluit. Dis die tweede deel van haar plan. Hy galop om die huis en kom lê by haar voor die bergbewoners naby kan kom. Sy kan sonder 'n staal en stiebeuels op sy rug klim. 'n Sagte fluistering in sy oor en 'n ligte kap met haar hakke is genoeg om hom teen volle vaart te laat wegspring.

Sy kyk om. Dankie tog. Die bergbewoners hol na hulle ponies toe en begin haar agternasit, Ouma vergete. Dankie tog. Die sak met die GEHEIME WAPEN hang veilig om haar nek.

Die lomp bergponies het nie 'n kans nie. Perskepit is 'n kampioen. Saam vlieg hulle deur die bosse en die bergponies bly ver agter. Sy hoop maar dis 'n kortpad in die rigting van hulle naaste bure waar Pappa en Mamma die vergadering het. Dis baie ver, maar sy moet hulp kry en die GEHEIME WAPEN moet veilig bly.

Sy kan nie laat slaplê nie. Al kan die bergponies nie by Perskepit bly nie, sal die aaklige honde haar spoor vat en haar vang as hulle begin stadiger gaan.

Kilometers en ure vlieg verby. Die GEHEIME WAPEN stamp teen haar maag. Gerdie is nie seker van die pad nie. Sy dink hulle moet seker al teen die tyd in die omgewing van die bure se plaasopstal wees. O moeggalop! Sy kan aan Perskepit se lyf onder haar voel dat hy begin swaartrek.

“Komaan Perskepit, jou lieflike, dapper, sterk Prins onder Perde.” Perskepit wikkelt sy ore en probeer vinniger galop. Sy hart is groter as sy kragtige lyf. As Gerdie hom vra, sal hy hardloop tot hy omval, maar sy is te lief vir hom. Sy wil nie haar perd doodry nie.

Sekerlik het hulle teen die tyd al ver vir die bergponies weggejaag?

Hulle is al 'n paar keer deur waterstrome wat dit moeiliker sal maak vir die berghonde om die spoor te volg.

Sy het nie meer 'n keuse nie. Perskepit moet rus. Sy stop by 'n waterstroompie waar sy Perskepit genoeg water laat drink en dan lê hulle sommer so saam-saam in die koelte van 'n groot boom.

Skielik is Gerdie verskriklik vaak. Al die skrik en die gejaag en opwinding wat nou uit haar vloei laat haar smag na rus. Sy sal moet veg teen die slaap ...

... O wakkerskrik! Sy het sowaar geslaap en nou hoor sy honde blaf. Naby. Perskepit sal moet galop soos nog nooit vantevore nie.

Sy klouter op sy rug. “Kom Perskepit, ons moet roer.” Die dapper perd probeer opstaan, maar puur verniet. Sy bene gee in. Hy het homself stukkend gehardloop en al sy spiere het so styf geword dat hy nie kan beweeg nie.

“Kom, asseblieftoggies, Perskepit.” Dit help nie. Die stomme dier kan nie opkom nie. Die geblaf kom nader. Gerdie sal moet hardloop en hoop vir die beste.

Sy knyp die GEHEIME WAPEN onder haar arm vas soos 'n rugbybal en hardloop so vinnig as wat haar kort beentjies haar kan dra – hopelik in die bure se huis se rigting.

Die geblaf word elke oomblik harder. Sy hoor ook nou perdepote. Gerdie haal uit soos 'n wafferse atleet. Sy spring oor boomwortels en takke klap haar deur die gesig, maar sy hardloop net vinniger.

Skielik is sy uit die bosse uit. O verligting! In die oopte staan die bure se huis. Sy kyk om en sien hoe die bergbewoners met hulle perde en honde ook uit die bosse uitkom. Sy is nie meer ver van die huis af nie, maar die vyand kom vinnig nader.

“Help! Help tog! Asseblief, help!” Iemand het haar gille gehoor. 'n Klomp mense borrel uit die huis uit. Dis sowaar Pappa heel voor. Hy raap haar in sy arms op en druk haar teen hom vas. “Gerdie, my kind.”

“Ek het Pappa se GEHEIME WAPEN veilig tot hier gebring,” fluister sy in sy nek en probeer die sak vir hom gee.

In 'n japtrap staan hulle in die middel van 'n kring van Pappa se vriende. Hulle almal kyk vir die bergbewoners met hande op hulle swaarde. Gereed. Weerskante van die sirkel is nog manne met gespande boë, oorgehaal om pyle op die bergbewoners te laat reën. Die bergbewoners het hulle perde ingetrek en die honde tot bedaring gebring. Hulle staan nou op 'n veilige afstand en beraadslaag. Bergbewoners mag skurke wees, maar hulle is nie dom nie. Hulle kan tel. Gedweë draai hulle die perde om en ry weg, met die honde agterna.

“Gerdie, my Liefiestouter!” Dis Mamma wat die beskermkringetjie binnestorm. Sy lag en huil deurmekaar. Gerdie hou haar arms uit en Pappa gee haar aan. Mamma hou haar in die lug en kyk vir haar met oë vol tranes.

“My kind,” sê sy, “kyk hoe vuil is jou rokkie!”^{sv}

Snaakse woorde ... **HANSWORS**

Betekenis
grapmaker, nar (ook iemand wat hom belaglik of komies gedra)

Waar kom dit vandaan?

Genoem na die Duitse spotnaam vir 'n onbeholpe persoon, Hans Wurst, wat 'n gereelde komiese karakter in die ou Duitse toneel was.



(Bron: Maroela Media)